

*(This letter is available in English at the office and on the website)*

**Beste Nguni Teler**

Hiermee inligting vir u kennisname:

**Algemene Jaarvergadering (AJV), 16 November 2013**

Tydens die verkiesing van nuwe Raadslede die afgelope Jaarvergadering, is die nuwe Raad as volg verkies:

Marli Stegmann – President  
Archie du Plessis – Vise-president en Inspeksies  
Andy Duthie – Finansies  
Pat Hobbs – Opleiding  
Herman Nel – Promosies / Bemarking  
Cedric Stoch – Tegnies

Hiermee wens ons bogenoemde baie geluk en alle voorspoed met die verantwoordelikheid en belangrike take wat voorlê. 'n Spesiale gelukwensing aan Marli Stegmann, die Genootskap se eerste vroue president!

Mnre. Stoch en Mojapelo word bedank vir hul drie jaar termyn en die bydrae wat hulle gelewer het.

Tydens die vergadering is die volgende besluite geneem:

1. Reis kostes verhoog van R 3.50 na R 4.00 per kilometer vanaf 1 Oktober 2013. Daar sal geen verhoging op enige ander fooie vir 2013/2014 wees nie.
2. Die persentasie kworum teenwoordig by 'n AJV verander van 15% na 10%.
3. Daar word op elke teler 'n beroep gedoen vir prestasie toetsing in sy kudde (sien aangeheg).
4. 'n Versoek word gerig aan die telers om die IDC projekte te ondersteun, meer betrokke te raak en te hou by die nodige prosedures van die Genootskap.
5. Die Voorsitter doen ook 'n beroep op die telers om hul administrasie deeglik te doen, veral by die opvolg van foutelyste, DNA profiele by gebruiksbulle in te stuur en duidelike brandmerke.

**AJV aandfunksie, 15 November 2013**

Aan almal wat hierdie funksie bygewoon het, baie dankie. Dit was 'n aand van baie lag en lekker saam kuier.

Baie dankie aan die volgende persone:

- Agri Promosie (Braam Colangelo) wat pragtige Nguni pette geskenk het en uitgedeel is.
- Veeplaas Tydskrif (Tiny Smith) wat gratis advertensies geborg het in die Veeplaas vir die telers wat die opgeveilde Joernaal bladsye gekoop het.

**Nguni plaasnaamborde**

Standaard plaasnaamborde, met die Nguni-logo, is beskikbaar op bestelling by die kantoor teen R300 per bord. Sakel 051-4487302 om te bestel. Verskaf die besonderhede skriftelik aan die kantoor met u bestelling voor 28 Februarie 2014. Die borde word gelyk bestel anders sal die kostes aansienlik hoër wees. 'n Voorbeeld sal binnekort beskikbaar wees.

## **Nguni kursusse**

Daar word beplan om in 2014 verskeie Nguni opleidings- en Junior inspekteurskursusse aan te bied. Kontak gerus die kantoor indien u belangstel. Voorlopige datums is as volg, maar u sal per SMS in kennis gestel word van die finale datums:

- Karoo-, Oos-Kaap- en Colesberg areas – Februarie/Maart of Maart /April
- Later in die jaar sal daar gekyk word na kursusse in KZN en die Hoëveld.

## **Inspeksies**

1. Die 2014 jaarlikse inspeksies sal plaasvind van Januarie tot Mei. Maak asseblief seker dat die korrekte diere op die lys verskyn, maar neem in ag om die lys te trek, die datum naaste aan die inspeksie.

Hoe om 'n Inspeksielys vanaf LOGIX te trek:

1. Gaan na Logix se webwerf by: <https://www.logix.org.za>
  2. Log in op Logix
  3. Aanvaar gebruik
  4. Kies Administratiewe verslae
  5. Kies Inspeksielys met kenmerke
  6. Tik lid se deelnemerskode in en druk “gaan voort”
  7. Kies 12 by 'n “minimum inspeksie ouderdom” vir VROULIKE diere en 24 vir MANLIKE diere
  8. Kies by “geslag” of dit manlike of vroulike diere is
  9. Klik op “skep verslag”
  10. Klik op “klik hier vir pdf weergawe”
2. Daar word beplan om in 2014 weer uitruil inspeksies te doen. Dit beteken dat inspekteurs van ander provinsies u inspeksie sal hanteer en vra ons u samewerking met die beplanning van hierdie inspeksies om sodoende ook reiskostes te bespaar.

## **Joernaal**

Indien u nog nie u advertensie bespreek het nie, kontak asseblief dringend die kantoor. Advertensies moet die kantoor of PVC (Joernaal ontwerpers) voor 6 Januarie 2014 bereik.

## **Kantoor**

Die kantoor sal gesluit wees vanaf 13:00 op 13 Desember 2013 tot Vrydag, 3 Januarie 2014.

Hiermee wens die Nguni Raad en kantoor u 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2014 toe.

Yolanda Venter  
Kantoor bestuurder